

Maak jou gereed vir 'n tweeveg

Hier is 'n man wat al sy geld verloor het, sy kinders aan die dood afgestaan het, sy gesondheid is daarmee heen, sy huwelik het ernstige probleme en sy sosiale aansien is op 'n laagtepunt, en God sê aan hom dat hy aan 'n seekoei moet dink! Hoe kan dit enige hulp wees as jy soveel probleme in die gesig staar?

Die antwoord daarop word in Job 38:3 gekry: “Maak jou reg vir die stryd ...” In Job 40:2 word presies dieselfde woorde herhaal. Die Here sê aan Job om homself gereed te maak vir 'n tweeveg. Dit is immers wat Job nog die hele tyd wou gehad het. Hy voel dan nog die hele tyd asof hy onregverdig behandel word. Hy soek verduidelikings. Maar in sy antwoord gee God nie aan Job die rede vir sy swaarkry nie, nog minder probeer Hy Homself regverdig. Eerder daag Hy Job uit tot 'n tweeveg: 'n stryd om wysheid.

Tegnies gesproke het Job al in die eerste rondte bes gegee (Job 39:37) toe hy teen God te staan gekom het, maar nou kry hy 'n tweede kans. In sy poging om sy onskuld te verklaar, het Job te ver gegaan. Hy het God skuldig verklaar (Job 40:3). Is Job nou sterk genoeg om dinge tot sy voordeel te verander (Job 40:4)? As Job nie bereid is om meer met God in 'n tweeveg betrokke te raak nie, dan kan hy 'n seekoei aanvat. Dit is eintlik 'n ongelyke stryd, want Job is baie slimmer as die seekoei. Dit behoort maklik te wees, en die oorwinning is dalk reeds verseker. Maar Job gaan ook hierdie geveg verloor. Hy kan nie homself deur sy eie mag red nie (vgl Job 40:9). Job gaan agterkom dat God na alles wat met hom gebeur het, nog steeds regverdig en genadig is.

God het nie nodig om aan Job sy regverdige weë uit te spel nie. Dit is genoeg dat Hy God is. Job word geleer dat onderdanigheid die beste deel van dissipelskap uitmaak. God sal getrou bly in sy liefde aan Job, en hy moet God van sy kant af met toewyding dien.

Sing: Psalm107:1, 3 (Cloete)

Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)